Junie 2023
’n Tiener in jou baadjiesak

Junie is/was Jeugmaand. Ek luister na ouers met kinders in die huis en ek’s dankbaar ek’s nie meer daar nie. Soveel uitdagings vir die kinders, en vir die ouers. Hou hulle naby jou lyf, maar moenie hulle versmoor nie, sê ’n ma. Wat ’n fyn balans! Ek dra die nuusbrief op aan die ouers en grootouers met jeug-siele in die familie.

WELKOM aan al die nuwe intekenare! Ek kuier een keer per maand per e-pos en beloof om jou nie katswink te gooi met Elsabé’s in die INBOX nie.

Wat gebeur volgende maand?
🎄🎁🎉 **Kersfees in Julie!** 🎄🎁🎉
Om hierdie ongewone tradisie te vier, gee ons drie pakke met drie boeke elk, weg. Dis perfekte leesstof vir die koue wintermaande. 📚👼
Die drie boeke is:
* Beklitsde Kersfees – Elsabé Welman
* Vrede op Aarde – Marilize Roos
* ’n Bietjie Hoop – Francine Beaton
Hoe neem jy deel?
1 Volg elke skrywer se Facebook-bladsy
https://www.facebook.com/elsabewelmanskrywer/
https://www.facebook.com/MarilizeRoosRomance/
https://www.facebook.com/FrancineBeatonSkrywer
2. ❤ my Kersfees in Julie post wat gereeld op my skrywersprofiel op Faceboek sal verskyn.
3. Haak drie vriende - wat van liefdesverhale hou - aan in die opmerkings/comments.
Dis al! Jy het ingeskryf en jou naam is in die hoed om drie boeke te kan wen! 🤩
Die kompetisie eindig op 31 Julie 2023, en die wenners word op 2 Augustus aankondig. Moenie hierdie kans laat verbygaan nie. 🎄📚
👼🎄📚 #KersfeesInJulie #KompetisieTyd #BoekeBoekeBoeke #WantEkLees #WenBoeke #Afrikaans #liefdesverhale

RYK ARMGAT se e-boek verkope het my verras. Borrelende dankbaarheid vir almal wat lees. Twee keer #1 op Hot New Releases Afrikaans.

Ryk Armgat (uitgawe 2) se sagtebande is by my beskikbaar @ R270, koerier uitgesluit.

Waarmee is ek besig?

- Klippe kan Kraak, Boek 2 in die Berg-broers-trilogie se tweede edit is klaar. Ek het gedink dis my laaste edit, maar toe maak ek vir myself werk en brei die skurk se bose gedagtes en lewe bietjie uit.
- VIVA het 2 van my kortverhale goedgekeur om in ’n kortverhaalbundel uit te gee.
- Ek en Johan de Nysschen se gesamentlik kortverhaal is aanvaar vir ’n kortverhaalbundel, Sewe Keer Sondig.
  Hoe skryf mens saam aan 3000 woorde? Johan het begin met karakter 1, die skurk. Ek het verder gebou en karakter 2 geskep, die ondersoekende beampte. Ek: Die klimaks, waar die twee se paai kruis. Johan: Afsluiting. Wie uitoorlê vir wie?
  Dit was ’n unieke en heerlike uitdaging.

Terug by JEUGMAAND:

Bestel #vlugenterug sagteband (R200 uitgesluit koerier) of e-boek.

Vlug-en-Terug vir lesers 16+ en volwassenes

Om ontsteld te raak oor 'n beurt klink onnodig - tensy jou beurt onheil inhou en jou gesin se lewens bedreig.

'n Trippel eno-gevoel met ontvangs van Maretha Maartens se resensie: "Ek haal my hoed vir jou af. Die boek pas perfek in 'n genre wat baie min skrywers bo die ouderdom van 25 kan bemeester: fiksie vir adolessente ouer as 16 jaar. #Vlugenterug is 'n meesleurende spanningsverhaal waarin die dinge van 'n kind agtergelaat is, maar jonkheid nog nie."

Beskikbaar in sagteband en e-boek:

www.elsabewelman.co.za

Amazon: https://bit.ly/3XmskOJ

Laai die Kindle app af op jou selfoon en siedaar!

Gratis op Kindle Unlimited.

Bly warm en veilig!

Elsabé.

My kontakbesonderhede:

Tel: 0769216174 (ook vir Whatsapp)

skryf@elsabewelman.co.za

www.elsabewelman.co.za

Raak ook my vriend op:

https://www.amazon.com/stores/author/B08DMRBV7W
https://www.tiktok.com/@elsabewelmanskrywer
https://www.goodreads.com/author/show/17229817.Elsab_Welman
https://za.pinterest.com/elsabewelman7/
https://www.instagram.com/elsabewelman/
https://www.facebook.com/elsabewelmanskrywer/